Die Voortrekkers

OMSENDBRIEF 2/2015

14 April 2015

Beste Offisiere

Gebiedsleier aan die woord

Die jaar snel voort en met die verskyning van hierdie omsendskrywe is die PD Gebiedskamp en Bakenkamp in die Wes-Kaap en die Oos-Kaap Verkenner Gebiedskampe alreeds in die sakkie. Mens kry soms die gevoel asof die hoë snelheid van die lewe veroorsaak dat jy nie by alles uitkom nie, maar die feite is dat ‘n dag steeds 24 ure het en elke uur steeds 60 minute het. Al wat verander in ons lewens is dit waarmee ons daardie minute en ure vul – hoe meer dinge ons inprop, hoe vinniger “voel” dit vir ons.

Maar aan die ander kant is Voortrekkers goeie bestuurders van tyd. Vir een of ander skynbaar onverklaarbare rede het Voortrekkers eenvoudig net daardie gawe om veel meer as die normale hoeveelheid dinge in 24 uur in te prop. Daarom kan ons ons gesinne onderhou, tyd spandeer aan ons spanne, tyd spandeer aan bestuursvergaderings van kommandos en ander bestuursliggame binne Die Voortrekkers en nog tussendeur ons daaglikse brood ook verdien. En dan sommer ook nog gaan kamp tydens ons skoolvakansies.

Maar baie keer “voel” dit vir ons dat ons soveel insit maar steeds nie ‘n verskil maak nie....

Die maand April in Die Voortrekkers is soos die einde van die eerste week van ‘n dieet. Jy “voel” jy het al soveel ingesit, maar dit lyk nie asof die vet rolletjies wil wegsmelt nie. Dit is omdat die werklik sukses eers aan die einde van die pad sigbaar is. Eers met Voorslag evaluering “sien” ons die effek van al die PD aktiwiteite en -kampe en eers in die senior Verkennerjare “sien” ons die verskil wat die Voortrekker blootstelling aan ‘n kind se lewe gemaak het. Partykeer “sien” ons eers die verskil heelwat jare later wanneer ons ‘n kind uit een van ons vorige spanne in die straat of in die winkelsentrum raakloop. Dan eers “sien” ons die effek van ons Voortrekker-insette – ‘n gebalanseerde ABC mens.

Dit is in sulke tye wat ons lekker voel, want ons ervaar die vrug op ons arbeid en ons beleef God se seeninge op ons arbeid. Dit gee ons weer moed en vasberadenheid vir ons daaglikse take en ons druk deur. Selfs al is dit alweer April maand en die jaar lyk nog lank.

Daarom, in hierdie tyd van die jaar, is dit tyd om te skouer teen die wiel te hou, om koers te hou in die rigting wat ons weet korrek is, omdat ons hoop het in die toekoms en omdat ons weet dat die “bome” vrugte sal dra.

Sterkte vir elkeen vir hierdie kwartaal wat voorlê.

DE WETSTRAAT 150
VRIJZEE
7460

086 122 3423
kplvoort@iafrica.com
www.houkoers.co.za

Gebiedsleier: Jan Palm, Gebiedsekretaris: Juanine Kok,
Adjunkgebiedsleiers: Constantine Varley, Johan Minnie,
Chris Human, Riana Breytenbach, Elizma Smith

GEBIEDSLEIER TOEKENNING
Die Gebiedsleier Toekenning, vir besonderse diens gelewer of wie / wat 'n merkwaardige verskil gemaak het, is aan die volgende persone toegeken:

Februarie: **Anja van Zyl van Bellville Oom Vossie Voortrekkerkommando**
Maart: **Johan Hugo van Despatch Voortrekkerkommando**

Baie geluk en hou aan met julle positiewe gesindheid en voorbeeld!

1. ADMINISTRASIE
AGL Juanine Kok

Kaapland Kwartaal 2 program

Die Voortrekkers			
Kaapland Jaarprogram 2015 - Kwartaal 2			
Maand	**Dag**	**Datum**	**Aktiwiteit**
April	Ma	13	Skole open
	Vr - So	17 - 19	Hoofbestuursvergadering & Alle NK's
	Ma	20	Teoretiese vraestel HW/PV proses
	Ma	27	Vryheidsdag
	Do - So	30 Apr - 3 Mei	NK - Verkenner Gebiedskamp - Kalahari 4 x 4 Vasbyt & Jeugberaad
Mei	Vr	1	Werkersdag
	Ma	4	HW-siekte eksamen
	Di	5	NK - Provinsiekoördineringsvergadering - telefoon
	Sa - So	9 - 10	Oos-Kaap - Jnr. Oord Hanekamkamp - Graad R
	Sa - So	9 - 10	Oos-Kaap - Jnr. Oord Hanekamkamp - Graad 1 - Diaz
	Sa - So	9 - 10	Oos-Kaap - Jnr. Oord Hanekamkamp - Graad 2 - Ou Kaap
	Vr - Sa	8 - 9	WK - PD Spesialisasie Naweek - Graad 4 - Groot Trek
	Vr - Sa	8 - 9	WK - PD Spesialisasie Naweek - Graad 5 - Fietskunde
	Vr - Sa	8 - 9	WK - PD Spesialisasie Naweek - Graad 6 - Spanseremonies
	Vr - So	8 - 10	WK - PD Spesialisasie Naweek - Graad 7 -Voorslag Afronding
	Vr - So	8 - 10	WK - Verkenners Sterrekunde Spesialisasie
	Sa - So	9 - 10	WK - PD Spesialisasie Naweek - Graad 3 - Jnr Godsdiens
	Vr-So	***8 - 10***	**VOLLE GEBIEDSDAGBESTUURSVERGADERING**
	Vr-So	*8 - 10*	PD, VERKENNER GK Vergadering
	Vr-So	8 - 10	Nasien van Teoretiese vraestel HW/PV proses
	Ma	11	GK Bemarking Vergadering - telefoon
	Wo	13	NK: Taakgroepe vergaderings
	Do	14	Hemelvaart
	Vr - Sa	22 - 23	OK - Volwasse Opleiding: Volwasse Verrykingsnaweek
	Vr - So	22 - 24	NK - Volwasse Opleiding: Spanhantering
	Vr - So	22 - 24	WK - Volwasse Opleiding: Spanhantering, Sang en Spele, Spyseniering, Klimmuur
	Vr	29	Laaste dag vir ledegeld inbetaling aan Gebiedskantoor
Junie	Wo	10	WK - Volwasse Sake Taakgroep
	Ma	15	Skole Vakansiedag
	Di	16	Jeugdag
	Vr - So	19 - 21	WK - PD Spesialisasie - Graad 6 - Volksdanse
	Sa	20	WK - Jeugdag Projek
	Vr	26	Skole sluit

1.1 Registrasie vir 2015
'n Herinnering aan die prosedures rakende registrasie, soos gekommunikeer in die eerste kwartaal se omsendbrief.

1.2 Ronel Hattingh-Trofee
Hierdie trofee word jaarliks aan 'n kommando met uitmuntende administrasie en goeie deelname toegeken. Die Ronel Hattingh trofee vir 2014 word aan Kanonkop Voortrekkerkommando, in die Wes-Kaap toegeken. Die Gebiedsbestuur se hartlike gelukwensing met hierdie mooi prestasie.

1.3 SAS Stelsel

Die betrokke sekretaris van ‘n bestuursvlak is verantwoordelik vir toegang tot SAS en die allokering van administrasie magte.

Indien daar enige hulp benodig word met SAS kan die betrokke sekretaris gekontak word en indien nodig, die vlak hoër. Indien daar enige verdere probleme ondervind word kan die Gebiedsekretaris gekontak word**.**

‘n Herinnering aan die volgende:

a) Opdatering alle lede inligting vir 2015, soos aangedui op die voortsettingsvorm / registrasievorms.
b) Ouer inligting moet ook gelaai word en gekoppel word aan jeuglid
c) Oordra van lede na 2015.
d) Aanduiding van lidmaatskapbetalings wat ontvang is (die bedrag wat ingevoer word is wat betaal is aan die betrokke kommando en nie die bedrag betaalbaar aan Gebiedskantoor nie).
e) Deregistrasie van lede indien nie voortgegaan word met lidmaatskap nie.
f) Laai van posisies vir 2015 (die sluit range en magte op SAS, bv. AKSA / SSA in)
g) Laai en goedkeuring van alle geskiedkundige inligting (spesialisasies en toekennings)
h) Wanneer spesialisasies gelaai word, en daar is ‘n beperking op die vlak van toekenning (plek), kies dan die vlak tot waar gemagtig is en voeg ‘n nota van waar dit verwerf is in die opmerkingsblokkie (bv. spesialisasie verwerf op PD Gebiedskamp / Oord Boland).

1.4 Webblaaie

Die Voortrekkers moet die goeie naam van die beweging beskerm en daarom moet alle Voortrekker webblaaie ‘n hoë standaard handhaaf en op datum gehou word. Die Voortrekkers se beeld moet eenvormig bemark word. Die volgende dokumente kan geraadpleeg word vanaf die nasionale webblad (www.houkoers.co.za) in die verband: “Kommunikasiebeeld in Die Voortrekkers” en “Korporatiewe Identiteit”.

Kaapland se webblad is reeds in gebruik en u word aangemoedig om die webblad te besoek en te gebruik. Inligting met betrekking tot die gebied, sal op die webblad gelaai word. Gaan besoek gerus www.kaapland.voortrekkers.co.za

Voorstelle tot verbetering van die webblad kan aan die Gebiedsekretaris gestuur word by juaninek@gmail.com

1.5 Facebook

Facebook is van onskatbare waarde vir bemarking, indien dit reg bestuur word. U word versoek om met omsigtigheid persoonlike plasings op Facebook te doen en vriende aan te neem – dink altyd aan die beeld van Die Voortrekkers, persepsies wat keuse van vriende op Facebook kan skep en of jou profiel ‘n positiewe beeld uitdra.

Moenie in ‘n debat betrokke raak nie en let op na dit wat jy op jou eie profiel plaas – kinders en ouers kyk daarna.

Die volgende dokumente kan geraadpleeg word in verband met Facebook blaaie: “Kommunikasiebeeld in Die Voortrekkers” en “Korporatiewe Identiteit”.

Baie sterkte en voorspoed word alle kommando’s toegewens met die registrasie tydperk wat voorlê. Mag alle kommando’s geseënd wees met ‘n groei in ledetal.

2. PENKOPPE EN DRAWWERTJIESAKE

AGL Elizma Smith

Die jaar het reeds goed spoed opgetel, heelwat aktiwiteite het reeds plaasgevind vir ons Penkoppe en Drawwertjies en programme wat ontvang is getuig van baie moeite met voorbereiding, dankie daarvoor.

2.1 Bywoning van aktiwiteite en kampe

Uit die terugvoer van verlede jaar se projekleiersverslae en kampverslae is daar een aspek, kom ons noem dit ‘n klip in die skoen, wat ek graag wil noem. In ‘n paar verslae word genoem dat kommando’s se kinders en in een geval sommer die hele span van die kommando en die offisier nie

opgedaag het by ‘n kamp nie. Dit gebeur dan ook sonder dat die projekleier of kampleier enigsins hiervan ingelig word.

Om eenvoudig nie op te daag nie is verkeerd, dis ‘n belediging vir die projekleier en in gevalle waar ‘n aktiwiteit net ‘n beperkte aantal kinders kon akkomodeer ontneem dit boon-op ander kinders wat wou inskryf die geleentheid. Dikwels word individuele items vir die kinders voorberei of indelings in ‘n program gedoen om kinders almal individueel te akkomodeer in aktiwiteite.

Offisiere, respekteer en konsidereer mekaar hierin en doen wat reg is deur tydig kennis te gee as jy en/of jou span nie ‘n aktiwiteit waarvoor julle ingeskryf gaan bywoon nie. Ek vertrou dit sal slegs met goeie rede gebeur! Kom ons wees hierin ook ‘n voorbeeld vir kinders in hoe ‘n mens korrek optree wanneer jy jouself tot iets verbind het. Die lewenswyse wat hulle nou aanleer word die manier hoe hulle eendag as volwassenes dinge gaan doen.

2.2 Voorslag

Op hierdie stadium moes spanoffisiere reeds bepaal het watter spanlede vanjaar kwalifiseer en wil inskryf vir Voorslag evaluering.

Inligting oor Voorslag 2015 is op die volgende plek op die Hou Koers webblad beskikbaar
Dokumentasie - Literatuur – Penkoppe en Drawwertjies – Voorslag proses 2015

Soos in die verlede is die sluitingsdatum vir inskrywings by Kaapland se gebiedskantoor 1 Augustus.

2.3 Literatuur beskikbaar by die Voortrekker depot

Die volgende 3 boeke word aanbeveel om te help moet die voorbereiding van spanvergaderings vir Penkoppe en Drawwertjies:

- Speletjies van A –Z
- Praktiese handleiding vir uitnemende en prettige spanbyeenkomste
- Naslaanbron vir Offisiere van Penkoppe en Drawwertjies

Geniet die tweede kwartaal van 2015 saam met jou span en mag daar mooi hoogtepunte wees hierdie kwartaal en jy en jou span se band nog hegter word.

3. VERKENNERSAKE

AGL Chris Human

Die volgende belangrike sake word net onder u aandag gebring:

- Teoretiese eksamen HW/PV Proses 2015: Die vraestel word geskryf op 20 April 2015. Baie sterkte word aan elke kandidaat toegewens met die voorbereiding en die skryf van die vraestel. Baie dankie ook aan al die offisiere wat ure van voorbereiding gedoen het.
- Die siekte-eksamen is 4 Mei 2015. Kandidate moet asseblief vooraf reël vir die skryf van hierdie addisionele eksamen.
- Kandidate sal na afloop van die merk van die vraestelle, in Mei-maand, uitnodigings ontvang vir die HW/PV Kamp.
- Die HW/PV kamp is ‘n nasionale kamp en vind plaas te Doornkloof in die Vrystaat. Verdere reëlings rondom hierdie aangeleentheid sal saam met die uitnodigings deurgegee word.

Sterkte vir die kwartaal.

4. VOLWASSE SAKE

AGL Riana Breytenbach

Opleiding is om een of ander rede vir volwassenes ‘n verskrikking. Iets waarvan jy jouself sover as moontlik moet distansieer. Ons is immers vrywilligers in diens van Die Voortrekkers en waar moet ons nog opleidingsgeleenthede ook in pas? Dit is egter waar dat besige programme en familie verpligtinge ons weg hou van opleidingsgeleenthede en soms is ons regtig net nie lus om nog ‘n naweek aan Voortrekkeraktiwiteite te bestee nie.

Die tweede kwartaal is hoofsaaklik die kwartaal waar offisiere die geleentheid kry om nuwe vaardighede aan te leer en toe gerus kan word vir hulle taak as Voortrekkeroffisier. Probeer asseblief om vanjaar ten minste een van die volgende geleenthede by te woon.

KAAPLAND: Opleidingsprogram 2015

Maand	Dag	Bevestigde datum	Kursusse	Provinsie
Mei	Vr - So	22 -24	Spanhantering (Nuut) Sang en Spele, Muurklim Spyseniering	Wes-Kaap
Mei	Vr - So	22 - 24	Spanhantering (Nuut)	Noord-Kaap
Aug	Vr - So	28 -30	Sang en Spele	Oos-Kaap

Indien jy regtig nie jou weg oop sien om een van bogenoemde geleenthede by te woon nie, registreer dan vir een van die volgende **aanlynkursusse.**

1. Intreekursus — Hierdie kursus stel jou aan Die Voortrekkers bekend. Die Intreekursus bestaan uit 8 modules en behoort binne 'n week afgehandel te word.
2. Spanhantering — Hierdie kursus leer jou om met 'n span te werk.
3. Fasiliteringskursus — Hierdie verrykingskursus is saamgestel om Voortrekkers toe te rus om as fasiliteerder op kampe (byvoorbeeld HWPV en Voorslag) op te tree.
4. Mentorskap — Hierdie kursus leer jou hoe mentorskap in Die Voortrekkers werk.

Gaan na Kaapland Voortrekkers se Volwasse Sake blad. Daar sal u ‘n skakel vind wat jou reguit na die aanlynopleiding se bladsy sal neem.

Om in te skryf vir enige kursus moet die kursusganger geregistreer word. Voltooi die Inskrywingsvorm en e-pos aan karin.stoffberg1@gmail.com. 'n Registrasienommer sal aan jou gestuur word asook 'n wagwoord ("password") om toegang te kry.

Dit is ’n opwindende nuwe konsep. Probeer dit gerus en gee asseblief u terugvoering. Alle ervare offisiere kan ook gerus die vraelyste voltooi en kyk hoe hulle vorder!

Om saam met Voortrekkeroffisiere te kuier en te leer is onontbeerlik. Dit is die geleenthede waar jy weer krag en energie kry vir die kwartaal wat voorlê. Waar nuwe kreatiewe idees uitgedink word en net weer woema in jou spanaktiwiteite blaas.

5. FINANSIES

AGL Constantine Varley

5.1 Eiendom

Wat Stellenbosch betref is daar niks nuuts om te rappoteer nie.

Worcester se skool is opdreef en ek het met die skool gaan praat en hulle is nou reg dat ons die Voortrekkers daar opdreef kry soos per ons gebruiksreg in die huurkontrak.
Wat ons tydens die Gebiedsbestuur weereens besef het, is dat almal se terreine nie markverwant verseker is nie. Deur dit nie reg te verseker nie, is so goed soos om dit nie te verseker nie.
Indien julle dit nie kan bekostig om dit markverwant te kan verseker nie, kontak asseblief die gebiedskantoor, want julle kan verantwoordelik gehou word vir nalatigheid indien ons 'n gebou verloor as gevolg van onderversekering.

Op Wemmershoek gaan ons voort op die Fakkel terrein om die nodige herstelwerk aan te bring na die brand. Wees asseblief versigtig indien julle in die veld rondstap, daar is ontsettende diep gate as gevolg van die boomwortels wat gebrand het.

HELP ASSEBLIEF:

Ek doen die beroep op elke Voortrekker om indien jy iets stukkend sien op 'n terrein dit of reg te maak of dit onder die aandag van bestuur te bring sodat ons ons eiendomme kan bewaar vir ons nageslagte.

Kom ons pas ons eiendom op en maak seker dat ons dit nie self beskadig of bemors nie

5.2 Finansies

Dit is weer daardie tyd van die jaar waar ons so spoedig moontlik ledegeld moet oorbetaal om vir korting te kwalifseer en nie te wag tot op die laaste dag nie.

Indien u kontant inbetaal gaan u ook verantwoordelik gehou word vir die bankkostes.

Indien u per tjek betaal sorg asseblief dat u tjek dadelik beskikbaar is sodat ons die geld die 31ste kan oorbetaal aan HB. Indien ons die houvas op die tjeks moet lig sodat ons die oorbetalings kan maak – is daardie koste ook vir u rekening. Om daardie rede versoek ons u asseblief om tjekbetaling eerder vroeër as later te maak sowel as om eerder van elektroniese oorbetaling gebruik te maak.

Ons vra ook elkeen om te spaar waar u kan aangesien ons begroting onder druk is veral na al die reiskoste vir die laaste Gebiedsbestuur vergadering met al die Kommandoleiers by. Ons sal volgende jaar hiervoor begroot aangesien so 'n vergadering baie waarde toegevoeg het.

Ons gaan 'n voorstel indien by HB om 'n spesiale fonds te stig om ver kommando's te kan subsideer met vervoerkoste (al is dit net 'n gedeelte) na aktiwiteite toe.

6. BEMARKING

AGL Johan Minnie

AGL Bemarking: Johan Minnie
Sekretaris GK Bemarking: Liezie Nel
Noord-Kaap Taakgroep Bemarking Voorsitter: Elza Erasmus
Oos-Kaap Taakgroep Bemarking Voorsitter: Susan Mulder
Wes-Kaap Taakgroep Bemarking Voorsitter: Gerda Stols

Die eerste kwartaal se groot bemarkingspogings is nou agter die rug en ons hoop u het die geleentheid op kommando- en oordvlak gebruik om te werf en te bemark by die voederskole in u gebied. Onthou ons doelwit is om ons ledetal tot 2015 te groei deurdat ons elke kind in ons teikenmark twee keer in elke jaar met 'n pamflet van Die Voortrekkers wil bereik, en deurdat elke kind in die teikenmark ten minste

vier keer elke jaar bereik moet word (van ons en wat ons doen moet hoor). Een manier waarop ons ons mark probeer bereik is deur advertering in JIP in Die Burger.

Elke advertensie word vergesel deur 'n ondersteunende artikel waarin daar meer van Die Voortrekkers vertel word. Die artikel is te lank om hier te herhaal, maar dit is beskikbaar op Kaapland se webwerf by www.kaapland.voortrekkers.org.za of www.kaapland.voortrekkers.co.za.

Vir die volgende jaar is die fokus op sigbaarheid, beeldbou, multi-kanaal bemarking, die beskikbaarheid van ondersteunende bemarkingsmateriaal, en gemeenskapsprojekte.

NK: Bemarking het onlangs 'n YouTube video-kompetisie geloods op Facebook. Gee hierdie informasie asseblief deur aan die jeuglede in toepaslike graadgroepe, daar behoort goeie bemarkingsidees hieruit voort te spruit.

Ons sal binnekort weer pamflette en plakkate vanaf NK Bemarking ontvang, hierdie sal deur die provinsiale taakgroepe: Bemarking versprei word aan oorde en kommandos. Baie dankie aan die Kaapland Bemarkingsverwysingsgroep vir jul opinies oor watter van die beskikbare plakkaat-ontwerpe verkies word.

Bemarkingshulpmiddels soos die klimmuur, springkastele, baniere en dies meer wat beskikbaar is binne die gebied word deur taakgroepvoorsitters hanteer en beheer. In die Wes-Kaap word bemarkingsmateriaal by AGL Constantine Varley se onderneming gestoor.

Die tweede kwartaal is netwerk-tyd, in hierdie kwartaal, volgens ons bemarklingsritme, beplan ons 'n gemeenskapsprojek en/of netwerkprojek vir uitvoering deur kommandos in die derde kwartaal. Die doel is om die gemeenskappe waarin ons werk deelnemend te maak, sodat gemeenskappe Die Voortrekkers ondersteun en bevorder Projekte kan gemeenskapsdiens, jeugontwikkeling, erfenisbewaring en netwerk-ontwikkeling behels en ondersteunende materiaal vir projekte is beskikbaar deur NK: Bemarking.

Maak gerus kontak met die voorsitters van die Provinsiale Taakgroepe: Bemarking vir Noord-Kaap (Elza Erasmus), Oos-Kaap (Susan Mulder) en Wes-Kaap (Gerda Stols) met enige navrae of voorstelle oor bemarking.

Hou Koers
Die Gebiedsdagbestuur